

PREFACE

Although the South African National Defence Force (SANDF) was only established at midnight on 26-27 April 1994, its history can be traced back to 1 July 1912, when South Africa's first-ever defence force, namely the Union Defence Forces (UDF), officially came into being. In the light of the fact that all South Africans should commemorate the centenary of their country's armed forces, the Editorial Board decided as early as 2009 – at the recommendation of the Editor – to publish a special edition of the *Journal for Contemporary History*, in commemoration of a century of armed forces in the Union and (since 1961) the Republic of South Africa.

In this special edition of the *Journal*, an article by Ian van der Waag is included, in which the early history of the South African Engineer Corps (SAEC), from 1918 to 1939 (i.e. during the inter-war years), is explored for the first time. In the following two articles, aspects of the SAEC's work during the Second World War (1939-1945) are analysed: first by Deon Visser and Ezekiel Nyanchaga in their article on the SAEC's water-supply operations in Kenya, and then by Evert Kleynhans in his article on 61 Tunnelling Company's work in the Middle East.

The surrender of Tobruk in June 1942 was a major setback for the Allied forces, and in particular for the South African land forces. In his article, David Katz endeavours to find answers to the question as to whether the fall of Tobruk was an avoidable blunder or an inevitable disaster. Military history is often written in terms of the decisions taken by, and actions of, the commanding officers involved in a particular conflict. By analysing the experiences of two ordinary South African soldiers in the North African desert during the Second World War, Gustav Bentz shows that the stories of the rank and file are indeed also important. But during the Second World War not all South Africans supported General Jan Smuts's war effort, and in his article Andries Fokkens explores Afrikaner unrest within South Africa during the war, as well as the measures taken to suppress it.

South Africa participated in two world wars without implementing compulsory military service, but from 1968 onwards, the conscription of white men was a reality for more than twenty years. Tienie du Plessis, Gert van der Westhuizen and Ian Liebenberg shed light on conscription and resistance to compulsory military service in the years 1968 to 1989. Their article also deals with moral objections to apartheid and the militarisation of South African society. Many of the conscripts saw action in the north of Namibia and/or in Angola, where they fought side by side with Permanent Force soldiers. One of the most controversial clashes was the so-called battle at Cuito Cuanavale, which is dealt with in Leopold Scholtz's article. (In this regard, see also the book review which follows after the articles.) South Africa's role in the Namibian War of Independence (1966-1989) still haunts many people, and from time to time there are events that bring back a kaleidoscope of

memories. In this regard, see the article of Willem Boshoff on the search for the remains of the so-called Ebo-4.

The establishment of the SANDF in 1994 heralded a new era in the history of South Africa's armed forces. In his article, Abel Esterhuyse explores the pre-1994 and post-1994 South African military cultures. The question of transformation in the SANDF, along with its implications, is also alluded to in the article of Izette Bredenkamp and André Wessels on the SANDF's Military Chaplaincy Services in the years 1998 to 2012. In his article on South Africa's naval forces, André Wessels provides an analysis of the history of these forces in the period from 1922 to 2012. Finally, Burgert Senekal discusses the role of South Africans in the private military industry in the post-Cold War environment, with special reference to the South African connection to Erinys International.

South Africa has a rich (if sometimes controversial) military history, involving all the country's cultural groups. What is presented in this special edition of the *Journal* merely scratches the surface of the history of the SANDF and its predecessors. In the course of the past century, many books, as well as academic and other articles, have been written on several aspects of South African military history, but there is still much research to be done. Hopefully, the articles included in this edition of the *Journal* will lead to debate, and also inspire researchers to explore the fascinating history of South Africa's armed forces in more detail. After all, it is important that the SANDF's activities should become part of a broader, informed public debate in South Africa; a debate that – ideally – should not be tainted by political considerations.

This special edition of the *Journal for Contemporary History* is dedicated to all members of South Africa's armed forces, from 1912 to the present day.

Professor André Wessels

Editor

1 July 2012

VOORWOORD

Hoewel die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) eers om middernag op 26-27 April 1994 tot stand gekom het, kan die SANW se geskiedenis na 1 Julie 1912 teruggespoor word, toe Suid-Afrika se eerste weermag, naamlik die Unie-Verdedigingsmagte (UVM), amptelik gestig is. In die lig van die feit dat alle Suid-Afrikaners die eeufees van hul land se gewapende magte behoort te herdenk, het die redaksie so vroeg as 2009 – op aanbeveling van die Redakteur – besluit om ’n spesiale uitgawe van die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* die lig te laat sien waarin ’n eeu van gewapende magte in die Unie en (vanaf 1961) die Republiek van Suid-Afrika herdenk sal word.

In hierdie spesiale uitgawe van die *Joernaal* word ’n artikel van Ian van der Waag gepubliseer, waarin die vroeë geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Ingenieurskorps (Geniekorps), vanaf 1918 tot 1939 (met ander woorde, die tussenoorlogse jare), vir die eerste keer ontleed word. In die volgende twee artikels word aspekte van die Geniekorps se werk tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) openbaar: ten eerste deur Deon Visser en Ezekiel Nyanchaga in hul artikel in verband met die Geniekorps se voorsiening van water in Kenia; en vervolgens deur Evert Kleynhans in sy artikel oor 61 Tunneling Company se werk in die Midde-Ooste.

Die oorgawe van Tobruk in Junie 1942 was ’n groot terugslag vir die Geallieerdes, en in besonder vir die Suid-Afrikaanse landmagte. In sy artikel poog David Katz om ’n antwoord te vind op die vraag of die val van Tobruk ’n vermydelike flater of ’n onvoorkombare ramp was. Militêre geskiedenis word gereeld geskryf in terme van die besluite geneem deur, en die optrede van, die bevelvoerende offisiere wat by ’n bepaalde konflik betrokke is. Deur egter die oorlogstydse ervaringe van twee gewone Suid-Afrikaanse soldate gedurende die Tweede Wêreldoorlog (in die woestyn van Noord-Afrika) te ontleed, toon Gustav Bentz aan dat die verhale van die gewone soldate inderdaad ook van belang is. Maar tydens die Tweede Wêreldoorlog het nie alle Suid-Afrikaners genl. Jan Smuts se oorlogspoging gesteun nie, en in sy artikel ondersoek Andries Fokkens oorlogstydse Afrikanerteenstand binne Suid-Afrika, asook die maatreëls wat getref is om dit te onderdruk.

Suid-Afrika het aan twee wêreldoorloë deelgeneem sonder om verpligte militêre diens in te stel, maar vanaf 1968 was diensplig vir blanke mans vir meer as twintig jaar lank ’n werklikheid. Tienie du Plessis, Gert van der Westhuizen en Ian Liebenberg werp lig op diensplig gedurende die jare 1968 tot 1989, asook die weerstand teen verpligte militêre diens. Hul artikel handel ook oor morele besware teen apartheid en die vermilitêrisering van die Suid-Afrikaanse samelewing. Talle dienspligtiges was in aksie in die noorde van Namibië en/of in Angola, waar hulle

sy aan sy met Staandemaglede geveg het. Een van die mees omstrede veldslae was die sogenaamde slag by Cuito Cuanavale, waaroor Leopold Scholtz se artikel handel. (Kyk in hierdie verband ook na die boekresensie wat op die artikels volg.) Suid-Afrika se betrokkenheid by die Namibiese Vryheidsoorlog (1966-1989) spook vandag steeds by baie mense, en van tyd tot tyd vind daar gebeure plaas wat 'n kaleidoskoop van herinneringe ontlok. Kyk in hierdie verband na die artikel van Willem Boshoff wat handel oor die omvattende soektog na die stoflike oorskot van die sogenaamde Ebo-4.

Die totstandkoming van die SANW in 1994 het 'n nuwe era in die geskiedenis van Suid-Afrika se gewapende magte ingelui. In sy artikel ondersoek Abel Esterhuysen die pre-1994 en post-1994 Suid-Afrikaanse militêre kultuur. Die kwessie van transformasie in die SANW, en die gevolge daarvan, word ook aangespreek in Izette Bredenkamp en André Wessels se artikel oor die SANW se Militêre Kapelaansdiens in die jare 1998 tot 2012. In sy artikel oor Suid-Afrika se vlootmagte, analiseer André Wessels dié magte se geskiedenis gedurende die jare 1922 tot 2012. Burgert Senekal bespreek in die laaste artikel Suid-Afrikaners se rol in die private militêre industrie in die post-Koue Oorlog konflikomgewing, met spesiale verwysing na die Suid-Afrikaanse konneksie met Eriny's International.

Suid-Afrika se ryk, dog soms omstrede, militêre geskiedenis betrek al die kultuurgroepe in die land. Wat in hierdie spesiale uitgawe van die *Joernaal* gepubliseer word, raak slegs aan die geskiedenis van die SANW en sy voorgangers. In die loop van die afgelope eeu het verskeie boeke, sowel as akademiese en ander artikels, oor Suid-Afrika se militêre geskiedenis verskyn, maar daar is nog baie navorsing wat in dié verband gedoen kan word. Hopelik sal die artikels in hierdie uitgawe van die *Joernaal* debat ontlok en navorsers aanspoor om die aangrypende geskiedenis van Suid-Afrika se gewapende magte in meer besonderhede te verken. Dit is immers belangrik dat die SANW se werksaamhede deel sal word van 'n breër ingeligte openbare debat in Suid-Afrika; 'n debat wat – ideaal gesproke – nie deur politieke oorwegings gekleur sal word nie.

Hierdie spesiale uitgawe van die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* word opgedra aan al die lede van Suid-Afrika se gewapende magte, vanaf 1912 tot vandag.

Professor André Wessels

Redakteur

1 Julie 2012